

tippet 100

'n Onsigbare deel van ons verhoudings met ander mense is die vraag: "hoe dink ek oor myself as ek saam met die ander persoon is?" en "hoe dink ek oor die ander persoon in verhouding tot myself?"

Die titel van Thomas Harris se boek "I'm OK; You're OK" help my hiermee.

Eers wanneer ek myself ag in verhouding tot jou én jou ook ag in verhouding tot my, kom daar 'n gesonde verhouding tot stand. En dieselfde is waar van respek vir myself en vir ander, asook die waarde wat ek én die ander persoon na 'n verhouding toe bring.

Francois Retief

18 Desember 2017

www.tippet.co.za